

10 Augustus

Skrifgedeelte: Romeine 2:1-11

Fokusgedeelte: Romeine 2:8 (6-8)

Daders van die Woord in vertroue op Gods genade

Elkeen sal sonder aansien van die persoon op grond van sy daade op die oordeelsdag geoordeel word. Gods oordeel volgens elkeen se daade bring ook die volgende onderskeiding aan die lig: daders van die Woord in eiegeregtigheid en daders van die Woord in vertroue op Gods genade.

Genoemde onderskeiding tussen daders van die Woord staan binne die verband van Romeine 1:18 – 3:20 waar Paulus daarvoor skryf dat alle mense in sondeskuld strafwaardig voor God staan. Niemand kan homself van God se regverdige oordeel bevry nie. Nie die heidene nie (Rom. 1:18-32) en ook nie hulle nie wat meen dat hulle beter as die heidene is waarmee Paulus die Jode in die oog gehad het (Rom. 2:1 – 3:8). Die Jode het op hierdie manier na ewige heerlikheid en eer gesoek, naamlik om deur wetsonderhouding die vrypraak van God se oordeel te verdien. Hulle was daders van die Woord, maar in eiegeregtigheid. Jou verlossing kan jy ook op geen manier self bewerk nie.

Vrypraak van God se regverdige oordeel is alleen deur die geloof in Jesus Christus te vind. God het Hom as offer gegee wat deur sy bloed versoening bewerk het (Rom. 3:25). Hierdie blye boodskap van redding uit genade staan nie in stryd daarmee dat God elkeen volgens sy daade sal oordeel nie. God roep ons deur sy Woord tot daders van die Woord in die doen van sy wil waar ons daade die vrug van die geloof in Jesus Christus is. Die oordeelsdag sal aan die lig bring of die mens 'n dader van die Woord in vertroue op Gods genade was of eiesinnig sy eie heil probeer uitwerk het.

Solank dit nog genadetyd is, moet ons ons eie lewe voortdurend in vertroue op Gods genade ondersoek en verkondigers van Gods genadeboodskap aan die mensdom wees wat homself nie uit sy verlorenheid kan red nie.

Sing: Psalm 38:17 (Totius)

Ds. EJ Tiemensma (Kempton Park)